Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, March 21, 2021
Page: 16



# Jou testament – die slang in die gras

## Samestelling van boedels en gesamentlike testamente – só werk dit



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Ek wil vandag kyk na boedelsamesmelting. Dit is veral van belang vir lesers wat gesamentlike testamente opstel. Daar is meer as een slang in dié gras.

Gereelde lesers sal onthou dat ek in 'n vorige rubriek hier ("Slegs jy bepaal wie wat gaan erf", Sondag 21 Februarie 2021), wat hoofsaaklik gehandel het oor gesamentlike testamente, kortliks verwys het na boedelsamesmelting. Ek het ook verwys na belastingimplikasies en belowe dat ek meer daaroor sal skryf in 'n volgende rubriek. Hier is dit nou.

### Samesmelting net ná dood van eerssterwende

Boedelsamesmelting vind plaas waar twee mense, of hulle getroud is of nie, maar gewoonlik getroudes, saam 'n testament opstel waarin hulle bepaal dat by die dood van die eerssterwende die twee se afsonderlike boedels sal saamsmelt in een boedel. Die twee boedels wat so saamsmelt, word dan mee gehandel ingevolge die bepalings in die gesamentlike testament asof dit een boedel is.

Hier is nou 'n eerste belangrike punt: boedelsamesmelting kan net gebeur ná die dood van die eerssterwende. En nie, soos ek dié week met 'n skok agtergekom het selfs mense wat behoort te weet nie altyd weet nie, by die dood van die langslewende nie. So byna het hierdie blaps veroorsaak dat iemand wat nie moes erf nie, 'n voordeel uit die boedel verkry en die een wat moes erf te na gekom word.

Gaan lees dus weer jou testament en as jy enigiets daarin sien van boedels wat saamsmelt, maak seker dis wat jy wil hê en vra vir 'n verduideliking hoekom.

### Hoe werk dit?

Kom ons sê A en B is getroud. Dit is nie nodig om getroud te wees nie, enige twee mense kan saam 'n testament opstel en daarin hul boedels laat saamsmelt by die dood van die eerssterwende. Maar kom ons sê hulle is getroud en hulle wil boedels laat saamsmelt om byvoorbeeld 'n kind te bevoordeel.

Dan sal hulle die testament só opstel dat die kind byvoorbeeld die plaas erf en dat die langslewende 'n beperkte reg, byvoorbeeld 'n vruggebruik, oor die plaas sal verkry. Op dié manier vererf die blote eiendomsreg na die kind en die vruggebruik daaroor aan, sê maar, die ma.

Die eerste belangrike punt wat ek hier wil uitlig, is dat so 'n testament geensins bindend is nie. Enigeen van die twee partye kan te enige tyd, selfs sonder om die ander in te lig oor sy of haar besluit, 'n latere nuwe testament opstel. Dit sal dan die geldende testament wees by hierdie persoon se dood.

Verder, selfs ná die dood van die eerssterwende, het die oorlewende party steeds 'n reg (eintlik verplig) om óf die voorwaardes in die gesamentlike testament te aanvaar óf te verwerp. Dit moet op skrif gebeur. Die regsbeginsel hier, volgens gesag, is eintlik meer een van keuse as van boedels wat saamsmelt.

As die oorlewende sy of haar keuse gemaak het, is dit bindend. As die voorwaardes geweier word, behou die langslewende sy of haar bates, maar verbeur dan die voordeel wat sy of hy sou verkry uit die saamgestelde boedel.

Wat is die gevolge? Die oorlewende party verloor sy of haar besitreg op eiendom wat deel uitmaak van die saamgesmelte boedel in ruil vir 'n beperkte reg, soos 'n vruggebruik.

### Moontlike belastingskokke

Hier is 'n paar belastingskokke wat kan wag.

Die waarde van die vruggebruik verkry, word by die dood van die langslewende as eiendom in sy of haar boedel opgeneem vir die berekening van boedelbelasting as dit oorgaan na iemand anders, soos wat ek in my vroeëre rubriek ook genoem het. Daar moet dus apart hiervoor voorsiening gemaak word. Dit is die bekendste een.

Dan is daar geskenkbelasting. As die waarde van die bates wat die oorlewende gade bydra tot die saamgesmelte boedel, in waarde (markwaarde) meer is as die waarde van die voordeel, die beperkte reg (soos vruggebruik) wat daaruit verkry word, dan kan Jan Taks eis dat geskenkbelasting betaal word op die verskil. Geskenkbelasting is 20% op skenkings onder R30 miljoen en 25% daarbo.

En kapitaalwinsbelasting. Eiendom wat deur 'n langslewende gade prysgegee word in 'n boedelsamesmelting sal onderworpe wees aan kapitaalwinsbelasting (KWB). Normaalweg sal die twee belastings nie geld in die geval van 'n skenking of die oordrag van vaste eiendom aan 'n gade nie. Skenkings tussen gades is vrygestel van geskenkbelasting. In die geval waar 'n vaste bate aan 'n gade oorgedra word, gaan die basiskoste oor na die gade en is geen KWB betaalbaar nie.

Dit geld eweneens by dood sou 'n bate soos vaste eiendom aan 'n gade vererf. Maar in die geval van boedelsamesmelting is die bate wat deur die oorlewende gade prysgegee word nie 'n bemaking aan 'n gade nie.

Laat ek weer sê wat ek gereeld sê, jou testament is een van die belangrikste dokumente wat jy in jou lewe gaan opstel. Maak seker jy verstaan elke woord daarin. Ná dood is dit jou naasbestaandes wat die gevolge gaan dra, nie jy nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.